

21 Desember Genesis 3:20; (Teks: Lukas 3:21-23, 39)

Eva (3) - Redding rus nie op afstamming nie

By 'n geboorte praat ons graag oor afstamming. Dié kind het haar ma se oë, haar oupa se voorkop... Met Jesus se geboorte, Kersfees, wys die Bybel ons ook sy afstamming. Maar hier gebeur 'n wonder...

U het reeds gelees hoe ons oervader Adam, na sy sondeval, geglo het dat God wat hulle kom roep het (3:9), die ware (ewige) lewe sou herstel.

Kyk nou hoe wonderlik dóén God dit: Hy skakel die mens totaal uit - Jesus word **SONDER** 'n man (eggenoot) se toedoen gebore (Luk 1:34,35). Maria word moeder (Eva) sonder om eggenote (Mannin) te wees. Daarom loop die tweede Adam, Jesus Christus, se stamboom verby die eerste Adam tot by God (3:38)! Maar ook Eva sou nooit Jesus se voormoeder kon word as Hy haar nie na haar sondeval reddend kom roep het nie. Net so min sou Maria ooit sy moeder kon wees as Hy nie uit haar gebore wou word nie!

By Jesus Christus tel stambome glad nie - nie jou stoere Gereformeerde geslag, jou ouers se geloof, jou Europese afkoms of goeie gene nie. Deur natuurlike geboorte verwerf níemand die ware (ewige) lewe nie. Dit ontvang 'n sondaar net deur 'n tweede geboorte, gewerk deur die Gees van Jesus wat vir jou sonder toedoen van 'n man gebore is, aan 'n kruis gesterf en uit die graf opgewek is. As u weer die familietrekke aan 'n baba eien, loof God vir daardie kindjie se ewige redding, ondanks die voorsate se sondes!

Sing: Skrifberyming 1:1, 6

Ds. J. Botha (Laeveld)